# *KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT*

# PROSEDURE PLAN
# VIR DIE PROSES VAN
# GEïNTEGREERDE
# ONTWIKKELINGSBEPLANNING
# vir
# 2010/2011

**AUGUSTUS 2010**

# INHOUDSOPGAWE


**1. GOP OORSIG**

1.1 Wat is Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning **3**

1.2 Wat is ‘n Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP **3**

**2. ROLSPELERS**

2.1. Wie is die rolspelers/deelnemers aan die proses **3**

2.2 Met watter publieke rolspelers / deelnemers skakel Kaap Agulhas Munisipaliteit **4**

2.3 Betrokkenheid van publike rolspelers / deelnemers **4**

**3. KAAP AGULHASMUNISIPALE ADVIES FORUM**

3.1 Samestelling van Kaap AgulhasMunisipale Advies Forum **5**

3.2 Kriteria vir die samestelling van die Kaap AgulhasMunisipale Advies Forum **5**

3.3 Verwysingsraamwerk vir die Kaap AgulhasMunisipale Advies Forum **5**

3.4 Doelwitte vir deelname van die Kaap AgulhasMunisipale Advies Forum in GOP verband **6**

**4. WYKSKOMITEES**

4.1 Kriteria vir die samestelling van die wykskomitees waar hulle as GOP verteenwoordigende komitees optree **6**

4.2 Rolle en verantwoordelikhede van Wykskomiteelede **6**

**5. GOP PROSES: STRUKTUUR 7**

**6. TYDSKEDULE VOLGENS WETLIKE VOORSKRIFTE 8**

**7. TYDSKEDULE VIR KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT 2011/2012 HERSIENE GOP - EN BEGROTINGS - PUBLIEKE DEELNAME PROSES 11**

**8. PRIORITISERINGSPROSES VIR 2011/2012 GOP HERSIENING 14**

# 1. GOP OORSIG

## 1.1. Wat is Geïntegreerde OntwikkelingsBeplanning?

- ’n Deelnemende beplanningsproses
- Bedoel om verskillende sektore se strategieë te integreer
- Verseker die optimale benutting en aanwending van skaars hulpbronne op sektorale, geografiese en bevolkingsgeografiese vlakke
- Bevorder volhoubare groei en ontwikkelingsgelykheid
- Bewerkstellig en die bemagtinging van die armes en voorheen benadeelde groepe bevorder.

## 1.2 Wat Is ‘n Geïntegreerde Ontwikkelings Plan (GOP)

- Dit is die geskrewe plan wat uit die geïntegreerde ontwikkelingsbeplanningsproses voortspruit
- Dit is die belangrikste strategiese beplanningsinstrument van die munisipaliteit
- Dit lei en rig alle beplanning, asook alle implementeringsbesluite en –aksies in die regsgebied van Kaap Agulhas Munisipaliteit

# 2. PUBLIEKE DEELNAME PROSES

## 2.1 Rolspelers

### 2.1 Wie is die rolspelers / deelnemers aan die proses

**<u>Primêre rolspelers</u>:** Bestaan uit die eerstelyn van kontak vir informasie van die proses asook die gene wat insette lewer rondom die identifisering van behoeftes binne die Kaap Agulhas gebied:

**<u>Sekondêre Rolspelers</u>:** Hierdie groep bestaan uit die verskillende sektore en individue of groepe wat:

i) ingelig moet word rondom die ontwikkkeling en uitkomste van die proses
ii) inligting verskaf om die GOP in lyn te bring met bestaande strategieë en beleide
iii) gespesialiseerde inligting verskaf om die proses meer geloofwaardig te maak

| Primêre Rolspelers | Sekondêre Rolspelers |
|---|---|
| • Die Raad en amptenare van Kaap Agulhas Munisipaliteit | • Overberg Distriksmunisipaliteit |
| • Wykskomitees | • Provinsiale Departement van Plaaslike Regering en Behuising, Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme asook ander nasionale en provinsiale sektorale departemente wat direk met Kaap Agulhas Munisipaliteit skakel oor spesifieke aangeleenthede |
| • Georganiseerde belangegroepe wat binne die munisipale jurisdiksiegebied optree | • Korporatiewe diensverskaffers soos ESKOM oor aangeleenthede waar direk met Kaap Agulhas Munisipaliteit verband hou. |
| • Gemeenskappe wat direk deur die GOP aksie geraak sal / kan word | • Konsultante en professionele beplanners waar en wanneer nodig |
| • Gemeenskapsverteenwoordigers en – | • Hulle deelname aan gemeenskaps- en |

| | |
|---|---|
| organisasies, bv plaaslike Advieskomitees, ens. of enige forum wat die Raad nodig mag ag om ter wille van beter skakeling daar te stel | meningsopnames |
| • Die woordvoerders vir ongeorganiseerde belange (bv MIV / Vigs) en gemeenskappe (waar georganiseerde belangegroepe nie bestaan nie.) | |
| • Spesialiste en kundiges in die plaaslike gemeenskappe wat as gevolg van hulle besondere kennisveld sekere bydraes kan lewer | |

### 2.2 Betrokkenheid van publieke rolspelers / deelnemers

Rolspelers verteenwoordig hulle onderskeie belangesfere en dra kennis en idees tot die beplanningsproses by deur:

- Hulle deelname aan wykskomitees, vergaderings en werkwinkels op plaaslike vlak oor plaaslike aangeleenthede
- Hulle deelname aan die Kaap AgulhasMunisipale Advies Forum
- Hulle deelname, in die geval van afgevaardigdes, aan vergaderings en werkwinkels op distriksvlak oor distrikswye aangeleenthede wat Kaap Agulhas insluit.

## 3. WYKSKOMITEES

### 3.1 Kriteria vir die samestelling van die Wykskomitees waar hulle as GOP verteenwoordigende komitees optree

- Dit moet bestaan uit die 10 verkose wykskomiteelede van elke wyk tesame met die Wyksraadslid as voorsitter en een Gemeenskapsontwikkelingswerkers (GOWs) indien beskikbaar
- Dit moet geografies verteenwoordigend wees
- Dit moet voorsiening maak vir die insluiting van verskillende sosiale groepe
- Dit moet erkenning gee aan geslagsgelykheid, die jeug en persone met gestremdheid

### 3.2 Rolle en Verantwoordelikhede van Wykskomiteelede

Wykskomitees moet:

- Maandeliks vergader en die Speaker van notules van elke vergaderings voorsien
- Verseker dat kiesers betrokke en ingelig is aangaande raadsbesluite, -planne en -programme wat hulle affekteer
- Op ‘n gereelde basis kommunikeer en konsulteer met die inwoners van die wyk
- Verseker dat inligting versprei word aan groepe wie hulle verteenwoordig
- Verseker dat die gemeenskap in besprekinge rondom raadsprojekte, dienslewering, begroting en die geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning van die munisipaliteit deelneem.
- In samewerking met die GOP Koördineerder, die GOWs en die wyksraadslid verseker dat die plaaslike gemeenskap die Geïntegreerde Ontwikkelings proses verstaan.
- Prioriteite van die wyk bepaal en ’n aanbeveling maak vir oorweging van die Raad
- Verseker dat die raad kennis dra van insette en kommentare van die gemeenskap.

# 4. KAAP AGULHAS MUNISPALE ADVIES FORUM

## 4.1 Verwysingsraamwerk vir die Kaap Agulhas Munisipale Advies Forum

- Verteenwoordig die belange van die breë gemeenskap en kiesers
- Voorsien ‘n meganisme vir bespreking en onderhandeling tussen alle belanghebbende partye rakende gemeenskapsake wat ’n bydrae kan lewer tot die GOP proses
- Verseker kommunikasie tussen alle belanghebbende verteenwoordigers
- Moniteer die vordering van die beplannings- en implementeringsproses
- Lig belanggegroepe in oor beplanningsaktiwiteite en die doelwitte daarvan
- Ontleed sake van belang, bepaal prioriteite, onderhandel en bereik konsensus
- Bespreek en lewer kommentaar op konsep GOP en projekte wat geprioritiseer is
- Moniteer die implementering van GOP

## 4.2 Kriteria vir die samestelling van die Kaap Agulhas Munisipale Advies Forum (KAMAF)

- Dit moet geografies verteenwoordigend wees van die totale regsgebied van Kaap Agulhas
- Dit moet voorsiening maak vir die insluiting van sosiale groepe binne die Kaap Agulhas gebied[
- Dit moet erkenning gee aan geslagsgelykheid, die jeug en persone met gestremdheid
- Dit moet raadslede en senior personeel van die munisipaliteit deurgans betrokke hou by die proses in samewerking met ander belanghebbendes

## 4.3 Samestelling van die Kaap Agulhas Munisipale Advies Forum (KAMAF)

- Voorsitter – Uitvoerende Burgemeester
- Sekretariaat – GOP Koördineerder
- Alle verkose wyksraadslede
- Munisipale Bestuurder
- 4 x Departementshoofde
- 5 x 5 wykskomitee lede
- Spesialiste op spesifieke terreine wat spesiale insette kan lewer
- 1 x Verteenwoordiger van die verskillende sektore in die gemeenskap

## 5. GOP DEELNEMENDE STRUKTURE



**TYDSKEDULE VIR KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT SE PUBLIEKE DEELNAME PROSES VAN DIE HERSIENING VAN DIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN VIR 2011/2012**

| DATUM | FASE / BESKRYWING | VERANTWOORDELIKE AGENTE / MEGANISME VIR DEELNAME |
|---|---|---|
| **30 AUGUSTUS 2010** | • Oorhoofse beplanning vir GOP proses en finalisering van prosedureplan<br>• Ter tafellegging van prosedure plan <u>voor of op 30 Augustus 2010</u> **(MFMA s121)** | • GOP Koördineerder |
| **SEPTEMBER 2010** | **Wykskomitee vergaderings in Sept 2010**<br>• Terugvoering van GOP 2010/2011 projekte<br>Wyk 1 21 Sept '10<br>Wyk 2 16 Sept '10<br>Wyk 3 23 Sept '10<br>Wyk 4 21 Sept '10<br>Wyk 5 22 Sept '10 | • Direkteure<br>• Wyksraadslede<br>• Wykskomitees<br>• Gemeenskapsontwikkelings Werkers |
| **OKTOBER 2010** | **Wyksvergaderings in Okt 2010**<br>• Identifisering van projekte<br>Wyk 1 21 Okt '10<br>(Elim) 19 Okt '10<br>Wyk 2 20 Okt '10<br>Wyk 3 14 Okt '10<br>Wyk 4 28 Okt '10<br>Wyk 5 27 Okt '10<br>(Arniston)26 Okt '10<br>• Direkteure bring munisipale operasionele - en bedryfsprojekte | • Direkteure<br>• Wyksraadslede<br>• Wykskomitees<br>• Rolspelers |
| **NOVEMBER 2010** | **Prioritisering deur wykskomitees**<br>Wyk 1 11 Nov '10<br>Wyk 2 18 Nov '10<br>Wyk 3 04 Nov '10<br>Wyk 4 16 Nov '10<br>Wyk 5 09 Nov '10 | • Wykskomitees<br>• Wyksraadslede |
| **NOVEMBER 2010** | **Kosteberaming van projekte**<br>Dept. hoofde ontvang projekte soos geïdentifiseer deur wyke en doen 'n kosteberaming van elk | • Direkteure |

| DATUM | FASE / BESKRYWING | VERANTWOORDELIKE AGENTE / MEGANISME VIR DEELNAME |
|---|---|---|
| **NOVEMBER 2010** | **IMBIZO's** | • Burgemeester |
| **30 NOVEMBER 2010** | **KAMAF vergadering in Nov 2010**<br>• Wykskomiteelede lê die wyk se prioriteite voor<br>• Amptenare identifiseer en motiveer munisipale operasionele - en bedryfsprojekte<br>• Georganiseerde instansies en departemente identifiseer projekte | • Kaap Agulhas Munisipale Advies Forum |
| **NOVEMBER 2010** | **Opstel van Projekraamwerke**<br>• Projekraamwerke met begrotingsbedrae word opgestel vir alle geïdentifiseerde projekte en begrotingskoppeling vind plaas<br>• Finalisering van gemeenskapsprojekte en munisipale operasionele en bedryfsprojekte vir 2011/2012 begrotingsboekjaar<br>• Projekraamwerke vir alle hulp en lyn funksies | • GOP Koördineerder<br>• Dept. hoofde<br>• Wyksraadslede |
| **DESEMBER 2010 - FEBRUARIE 2011** | **Voorbereiding van GOP Dokument**<br>• Finalisering van alle insette ontvang in die GOP proses<br>• Voltooiing van konsep GOP | • GOP Koördineerder |
| **Maart 2011** | **Ter tafellegging van konsep GOP en konsep Begroting in Maart 2011**<br>• Ter tafellegging van kosep GOP en konsep begroting aan die Raad<br>• **(Konsep begroting moet ten minste by 23 Maart 2011 deur Burgemeesterskomitee goedgekeur en volgens wetgewing teen 31 Maart aan Raad voorgelê word.) MFMA s16, s17** | • GOP Koördineerder<br>• Direkteur: Finansies<br>• Raad |
| **APRIL 2011** | • Konsep GOP en - Begroting met voorgestelde tariewe ter insae vir publieke kommentaar voor of op April 2011<br>**MFMA s22**<br>**MSA s44** | • CFO<br>• GOP Koördineerder |

| DATUM | FASE / BESKRYWING | VERANTWOORDELIKE AGENTE / MEGANISME VIR DEELNAME |
|---|---|---|
| **APRIL 2011** | **IMBIZO's** | • Burgemeester |
| **MEI 2011** | • Oorweging van vertoë en insette op konsep GOP en konsep Begroting voor of op Mei 2011 | • Uitvoerende Burgemeesterskomitee<br>• Raad<br>• Finansiële Bestuurder en Finansies Komitee |
| **MEI 2011** | **Goedkeuring van jaarliks Begroting en GOP**<br><br>**MSA s25 and s34**<br>**MFMA s24** | • Raad |
| **JUNIE 2011** | **Indiening van GOP na Minister van Plaaslike Regering en Behuising**<br><br>• Dien 'n afskrif van die goedgekeurde GOP binne 10 dae na goedkeuring aan die Minister van Plaaslike Regering en Behuising<br><br>**MSA 32(1)(a)** | • GOP Koördineerder |
| **JUNIE 2011** | **Kennisgewing aan Publiek**<br><br>• Gee kennis aan die publiek van die goedgekeurde GOP deur 'n kort opsomming van die GOPbinne 14 dae van goedkeuring te publiseer<br><br>**MSA s25(4)** | • GOP Koördineerder |